# Stockenström 70



Saamgestel deur
GRIZÉLL AZAR-LUXTON

*'Die verbeeldingryke prosawerk van Wilma Stockenström naas haar diepsinnige poësie is saam 'n stewige bydrae tot die Afrikaanse literatuur, en sy is een van vandag se belangrikste en veelsydigste Afrikaanse skrywers. Dit is veral haar digbundels wat 'n baie groot bydrae is tot die Afrikaanse literatuur en wat getuig van 'n ryk, ruim en verrykende kyk op die mens en sy wêreld. Sy is een van die paar bestes in Afrikaans.' (T T Cloete.)*

Een van Suid-Afrika se voorste digters en skrywers, Wilhelmina Johanna Stockenström, het onlangs haar 70ste verjaardag gevier. Sy is op 7 Augustus 1933 op Napier in die Kaap gebore en het haar BA-drama graad in 1952 aan die Universiteit van Stellenbosch voltooi. Daarna het sy vir 'n jaar as omroeper in Kaapstad gewerk waarna sy in 1954 na Pretoria verhuis het om as aktrise en dramaturg te werk. Sy het vir baie jare vertaalwerk gedoen en het ook vir film en televisie geskryf. Sy woon tans in Kaapstad.

Haar debuut as aktrise was in **'n Bruid in die môre** deur Hugo Claus. In 1970 het sy haar eerste digbundel, **Vir die bysiende leser**, voltooi en in 1977 ontvang sy die gesogte Herzog Prys vir Digkuns. In 1992 ontvang sy weer die prys, hierdie keer vir prosa. Haar indrukwekkende novelle, **Die kremetartekspedisie**, het in Nederlands, Duits, Frans, Sweeds, Italiaans en Hebreeus verskyn.

Stockenström kry haar inspirasie uit die natuurlike wêreld en elemente van landskappe en die dierelewe kom sterk na vore in haar digkuns. Haar gedigte oor mense het meestal 'n ondertoon van ironie.

Stockenström se digkuns kan nie met ander Suid-Afrikaanse digters vergelyk word nie. Haar werk kan in 'n sin beskryf word as amper ouwêrelds, eksoties, a-polities en humoristies. Haar styl is geheel en al outonomies, amper anargisties en agnosties. Ek lees in 'n artikel oor haar op die net dat daar van haar digkuns gesê word dat dit universeel is, met 'n sterk eie wil, tog uiters beskeie.

'Wilma Stockenström is die sterkste digtersfiguur in Afrikaans ná die debuut van Breytenbach, terwyl sy op die gebied van die roman en novelle as een van die beduidendste stemme van die sewentiger- en tagtiger jare beskou kan word.' (John Kannemeyer.)

### *Die eland*

*Dat die klein-klein handjie se aanraak*
*die eland laat opspring en rooi en vaal draf*
*dit is die wonder wat hom voltrek in die grot*
*geel vinger rooi klei dit is die wonder*
*die eland lewend geraak op die wand van klip*
*die groot geel mensie en die klein bruin eland*

*die groot oker dier staan op uit die stof*
*en bekyk die lewe gelate geverf*
*uit die bek van die grot by die bak ghwarriebos*

*menseskepsel loop uit uit die bakkrans*
*uit na die vaal trop doer teen die vlak*
*om die wind te skep en die kort pyl te skiet*

*om die bok te skep met die horings swart*
*en die buik so vaalrooiskurf teen die vaalplatklip*
*en die sterk pote en die stomp stert en die*
*riffelkwakkie*

*dit is die wonder wat hom voltrek as die pyl*
*in die hand wat hand bly kwas word*
*hand wat die klip laat leef*

*hand wat laat leef lewende hand*
*doop in slang en gifbol se gif die pyl*
*en die span die boog breed soos die horison*
*na die teiken geteken teen die groot-groot lug.*

## Toekennings

1977 Hertzog Prys vir Digkuns vir **Van vergetelheid en van glans**

1984 CNA, Louis Luyt en die Ou Mutual Prys vir **Monsterverse**

1988 Guinzare Cavour Prys vir **Spedizione al Baobab** (Italiaanse weergawe van **Die kremetartekspedisie**

1991 WA Hofmeyr en Hertzog Prys vir **Abjater wat so lag**.

## Lys van werke

*Digbundels*

**Vir die bysiende leser** (1970)
**Spieël van water** (1973)
**Van vergetelheid en van glans** (1976)
**Monsterverse** (1984)
**Die heengaanrefrein** (1988)
**Aan die Kaap geskryf** (1994)
**Spesmase** (1999).

*Prosa*

**Uitdraai** (1976)
**Eers Linkie dan Johanna** (1979)
**Die kremetartekspedisie** (1981) / **The Expedition to the Boabab Tree** (1983)
**Kaapse rekwisiete** (1987).

*Novelle*

**Abjater wat so lag** (1991)

*Verhoogstukke*

**Laaste middagmaal** (geskryf in 1966, gepubliseer in 1978)
**Dawid die dik dom kat** ('n kindertoneelstuk 1971)
**Trippens se pattatta** (deur Dalro versprei 1971).

**Bronnelys**

Breuer, Rosemarie. 2003. **Wilma Stockenström.** *http://stellenboschwriters.com.*

Simoes da Silva, AJ, the University of Exeter / School of English. **Anglophone & Lusophone African Women's Writing.** 12 September 2001. *www.ex.ac.uk/~ajsimoes/aflit/StockenstromEN.html*

**Wilma Stockenström, South Africa.** *www.poetry.nl/festival98/bio/stockenstrome.html*